Oggenddiens
31 Januarie 2010

Lees: Gen. 1: 26-31 en Gen. 2: 4b-9
Teks: Gen. 1: 28
Sing. 1. Ps. 100: 1-3
2. Sb. 12-2: 4 en 5
3. Ps. 1: 1 (T) en 2 (TT)
4. Ps. 84: 2
5. Ps. 8: 3-7

'n Mens sou maar net kon bly wonder en vra: *Waarom het God die mens met die skepping vertrou?* Dit terwyl Hy, toe Hy alles gemaak het en dit onder sy sorg was, nog kon sê: ***"Dit was baie goed."***

- Dan tree die sondeval in en die mens moet steeds oor alles heers en ons moet eerlik sê, geliefdes, alles/meeste lyk maar na 'n mooi gemors! *Duisende spesies van diere, plante en voëls en visse het al verdwyn en is uitgewis.* **Die aardverwarming neem ernstige afmetings aan.** *Noodsaaklike woude en reënwoude word uitgewis.* **EN DIT OP DIE OU END OMDAT DIE MENS SE LUS NA GELD EN MAG EN ONTWIKKELING NIE VERSADIG KAN WORD NIE!**

Maar, mag ons vra: die mens moet mos oor alles heers – so was God se opdrag. Is dit dan nie wat die mens doen nie en dit nou eenmaal daartoe lei dat alles daaronder gaan ly nie?

Daarom is dit tog wel belangrik dat by die woord ***heers*** stil gestaan sal moet word. Maar voor ons daarby kom, die volgende belangrike saak: *Alles wat geskep is – die mens inkluis – is eiendom van God. Die mens moes oor alles heers tot God se voordeel en tot sy eer!* Het dit gebeur of het die mens eenvoudig begin dink: dit is myne om daarmee te maak soos ek wil?

Die woord "heers" soos dit in die oorspronklike Hebreeuse teks gebruik word, beteken letterlik:

- Bestuur dit oordeelkundig tot eer van God. Of: ***bestuur dit soos God wil, verwag of vra.***
- Dit is 'n sterk term wat impliseer dat die skepping reg ingerig moet word, dat alles in plek gehou moet word en dat sake ordelik gereël moet word. *Dit word gekoppel aan die militêre idee van 'n generaal wat sy weermag ordelik oplei, inspan en met regte dissipline gebruik tot voordeel van 'n land.*

Dadelik kom dit by 'n mens op: **is dit werklik hoe die mensdom oor die eeue heen en die mens vandag (jy en ek ingeskuit) die skepping bestuur en daaroor heers in opdrag van God en tot sy eer? Jy en ek waar ons 'n rol speel en kan speel?**

- En die toets op die vraag is die volgende: vers 31 gee die indruk dat God geniet en hou van wat Hy geskep het. Dit word duidelik dat Hy alles meesterlik verrig het. ***Hy is lief vir die skepping en sy wens is dat die mens dit liefdevol en met respek sal bestuur en daaroor sal heers.*** Geniet God nog vandag werklik die skepping soos in die begin? *Geniet God jou en my optrede om reg te heers waar jy woon en eet en die natuur gebruik?*

- Dit vra inderdaad verantwoordelike en gehoorsame optrede van die mens in alle opsigte!

Laat ons eerlik wees: as 'n mens na die nood van die skepping vandag sou kyk, sal ons heel eenvoudig eerlik moet erken, liewe gemeente: **die mens het liederlik gefaal in die opdrag waarmee God hom vertrou het.** *En as ek praat van mens, dan word man en vrou bedoel – dit vanuit die konteks van die gedeelte.*

Verklaarders gee vier hoofredes waarom God die opdrag tot heers oor die skepping aan die mens opgedra het.

- Sou sonde die skepping binnedring, dan sal die mens daarmee ontsaglike moeite hê. Selfs om daar te leef en oorleef! ***En het dit nie gebeur nie!***
- Satan sal intree en alles wat God goed bedoel het, omver gooi en in chaos dompel. Hy sal al die "baie goeie" werk ongedaan maak. ***En het dit nie gebeur nie!***
- As die aarde net aan homself oorgelaat sou word, sonder die mens met die geestelike en verstandelike vermoë om alles reg en ordelik te bestuur, dan kan daar niks van kom nie. *Die aarde het God se hand van sorg nodig en dit dra God nou aan die mens oor*.
- Op die stadium wat God die opdrag aan Adam en Eva deurgee, was nog net die tuin van Eden waar hulle gewoon het, buitengewoon besonders. Hulle sou met die heers en bewoon en bewerk, dit verder moes uitbou. *Buite die tuin was die aarde nog hard, met moeite besaai en eintlik onaangenaam – soos die mens moes uitvind na die sondeval.*

En dan moet ons onthou: die ***baie goed*** wat God se skeppingswerk betref, sluit die mens in. Dit sê: die mens kon God na behore daarin gehoorsaam. ***Dit wat God aan die man en vrou opgedra het, liewe lidmate, was geensins te veel gevra nie.***

Maar ongelukkig: met die sondeval het alles verander. Veral die mens en hoe hy/sy dink en doen.

- Van iemand wat geskep is om verantwoordelik te kan optree, ***verander die mens in 'n gans onverantwoordelike persoon***.
- Van iemand wat God se eer voorop stel, ***verander hy in iemand wat net sy eie eer en belang met selfsug, in gedagte het***.
- Van iemand wat beheers en verantwoordelik bestuur en heers, ***verander hy in iemand wat uitbuit en alles doen om tot eie voordeel alles maksimaal uit te put***.
- Van iemand wat alles sou doen om God te behaag en alles in 'n lus vir God se oog te omskep, ***verander die mens in iemand wat homself wil bevredig en niks daarvoor ontsien nie***.

As gevolg van die houding van die mens, sit ons met al die ellende waarmee ons te doen het en waartoe almal nou opgeroep word om te keer dat dit nie van kwaad tot erger gaan nie. ***En kom agter: die hooffokus is dat die mens dinge nou anders moet aanpak ter wille van die mens en aarde self, maar dat God steeds nie deel daarvan uitmaak nie – of dalk onder***

Christen-groepe hoogstens deel daarvan uitmaak, maar nie as noodwendige hoofsaak nie.

Waar sou ons as Christene se rol vandag na vore kom as ons na al die dinge luister, geliefdes? *Het ons nog 'n rol te speel en gaan die 8% van die bevolking van die wêreld wat nog as Christene gesien word, 'n verskil kan maak?*

- Uit werke wat ek met die oog op my studie deurgewerk het, dit kan ek sekerlik hier uitwys, kom daar veral 'n pleidooi dat die Kerk en daarom alle Christene ook sal begin leiding gee om die aarde van ondergang en verdere vernielsug te red.

Laat ons eenvoudig begin waar ons moet. In Christus is ons ***herskep*** om weer daarna te kan streef om God se ***beelddraer***, sy ***verteenwoordiger*** te wees wat Hom bo alles ***liefhet*** en Hom in alles wil ***eer***. Ons moet in onsself verander om reg te leef en eet en oordaad te vermy. Die kerk moet lidmate toerus sodat die mens weer daartoe sal kom om te heers soos God bedoel het. ***Dat menslike ego****; mense se sug om mag en om te oorheers****; mense se idee van ek kan maak soos ek wil, verander word na verantwoordelike bestuurders met God en die opvolgende geslagte in gedagte.*** Liefde vir God en medemens moet hier weer sy regmatige plek inneem.

Dat ons as Christene, sonder om hooghartig te klink of wees, mense sal begelei om die menslike vermoë van intelligensie; gesonde verstand en kennis; sy kreatiwiteit, sy wysheid, sy liefde, sy omgee, sy regverdigheid (alles eienskappe waarmee God die mens seën wat hy onder leiding van die Heilige Gees moet ontwikkel en gebruik) sal inspan om die aarde reg te gebruik en sinvol daaroor te heers!

Ja, ons mag dalk by onsself dink, liewe gemeente, **waar gaan die breë wêreld nou vir 'n klompie Christene luister**. *Waar gaan ek as indiwidu kom as ek begin praat – dit sal mos maar net 'n geknor teen donderweer afgee!*

- So durf ons nie dink nie. Ons moet besef: die Almagtige is aan ons kant. Hy wat al deur die geskiedenis soos ons dit ken heen, heel dikwels met 'n indiwidu of klein minderheidsgroep groot wonders verrig het. *So is sy kerk in die begin gebou en uitgebou – Hy kan steeds vandag wonders doen!*

Feit is: dit is net die Christen wat die Bybel ken en aanvaar en daarop ingestel is om God in alles te gehoorsaam en dien. Daarom moet ons ook in beskeidenheid gehoorsaam wees aan die opdrag: *heers oor alles;* ***bewerk die aarde en*** wees vrugbaar om die aarde te vul. Die opdrag van God is nêrens deur Hom herroep nie!

Ons moet as Christene al meer ons stem laat hoor. Daarin ons liefde vir God en ons naaste laat uitstaan en ons omgee vir dit wat aan God behoort. Mag ek vra: as ons as Christene daarin nie gaan voorloop en die voorbeeld gaan stel nie, wie gaan?

- ***Ja, daar is die sogenaamde groenes, maar hulle motief is nie dit wat die Christen ken en moet uitdra nie.***

- Jy en ek wat deur Christus nuut gemaak is en met die Heilige Gees vervul is, ons kan en moet. Begin in jou direkte omgewing. Doen dit biddend en onthou: die gebed van een gelowige, het groot krag (Jak. 5:16).

Moet nooit jou potensiaal met God Drie-Enig aan jou sy, onderskat nie! Doen iets, doen dit gou. Die mensdom en die aarde het gehoorsame kinders van God nodig. ***Die nageslag wat nog hier moet kom woon en dien en werk, het ons nodig.***

En onthou: niks is by God onmoontlik nie!

Amen.

Ds Piet Fanoy